# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

1 November 2012

Dagsê Almal

Ek sit en wonder waar om te begin maar kan net my oë sluit en stil bid: "Dankie Hemelse Vader vir U grootheid en wonder". Seëninge bly my daaglikse brood vir die Eljada Huis en sy mense.

Dit gaan baie baie goed met ons 3 mense by die Kuriake bediening. Jofri is al byna gereed om te begin werk, Sonja reageer werklik baie goed op die "behandeling" en haar dogtertjie Anushka is ook by haar. Daar is selfs 'n kleuterskool vir die kleinding om by te woon en sy word ook beraad om haar probleem wat ontstaan het met mamma wat gedwaal het aan te spreek. Johnny is baie gelukkig daar en gaan volgende jaar begin om sy skoollastiese kwalifikasies te verbeter. Dit is so lekker om daar aan te gaan en 'n drukkie van almal te kry. Die Here het sy tuiste binne hulle gevind en werk met elkeen op 'n besonderse wyse. Ons benodig asb. R2000 vir Jofri se tande en R5000 elk vir Sonja en Johnny se "rehab".

Hettie was vir 'n oogtoetse en haar bril gaan R650 kos. Sy kan nie haar Bybel behoorlik lees nie en kan nie wag om haar bril volgende week te kry nie. Haar belofte is dat ek haar permanent gaan sien Bybellees want sy het so 'n agterstand en wil graag leer.

Sonja se tande is reeds almal getrek en sy en Corlia is druk besig met die knielkussings waarvoor ons 'n reuse bestelling gekry het. 20 November gaan sy vir afdrukke vir nuwe tande en ons benodig R2000 daarvoor. Sy kan nie wag vir die tande sodat sy darem weer kan kou nie.

Die knielkussing projek hou ons druk besig en is werklik 'n werkskeppings geleentheid vir die Eljada Huis se vroue. Hulle geniet die sny, slope stop, toewerk baie en die huis is tans vol kussings en slope. Kyk gerus Sondag aand half sewe na die ---- program waar Lindie van Egoli 'n onderhoud voer met iemand en dan daarna een van "ONS" kussings vir hul gee om dankie te sê. Dankie Faith dat jy hierdie projek na ons toe gebring het. Indien u van hierdie kussings vir 'n vriend of vriendin wil bestel kontak gerus vir Faith by 0823346384 of epos haar by faithduriekussings@gmail.com. Dit is nie 'n winsgewende projek nie maar bedoel om werkskeppend te wees. Die kussings word ook by die gevangenis uitgedeel. Soos ek al tevore gemeld het, het Faith die 2 Bernina naaldwerkmasjiene wat sy met hierdie projek in die Leefstyl tydskrif gewen het aan die Eljada Huis geskenk. Dankie nogmaal Faith. Ek sal foto's van die kussing op die webblad plaas.

Ek het met groot dankbaarheid reeds 3 gemeentes wat sal help met die kospakkies vir die Desember tydperk maar het nog 5 enkellopende mense en 2 gesinne vir wie ek nog nie hulp het nie. Indien jul belangstel stuur asb vir my 'n epos dan sal ek meer besonderhede verskaf. Ook rondom die bejaardes se pakkies.

Eljada Huis groete Annatjie